CHARL VAN ROOYEN cvanrooy@landbou.com

Beste stoetteler verklap sy geheime

Suider-Afrika se top-stoetteler sorg dat sy beeste se voeding optimaal is en selekteer streng vir vrugbaarheid, want produksie en reproduksie bepaal sukses.

Dis nie maklik om die hoogste vlak in enige posisie te bereik nie, hetsy sport, sake of boerdery. Diegene wat dit regkry, verdien die eerbewys terdeë. Dit is beslis die geval met mnr. Hennie Viljoen wat as Pick n Pay, *Landbouweekblad* en Breedplan se Suider-Afrikaanse Stoetteler van die Jaar vir 2015 bekroon is. Hy het sy prys tydens die jaarlikse Vleisbeesskool op Aldam ontvang.

Hennie en sy vrou, Johlene, boer met hul Vlensburg Simmentaler- en Vlensburg Simbra-stoetery by Parys en saai ook mielies vir graan en kuilvoer op hul plaas met dieselfde naam. Hulle het dekades lank ook Holsteinkoeie gemelk, maar het drie jaar gelede daarmee opgehou toe hulle moes besluit of hulle die melkbeeskudde moes uitbrei of die melkbedryf verlaat.

Hennie vertel omdat hy eers 'n melkboer was, besef hy hoe belangrik goeie voervloeibeplanning ook in 'n vleisbeeskudde is. 'n Melkboer kan nie gedurig aan sy rantsoene verander nie, want dan boet hy in aan melkproduksie. Goeie weidingsbestuur en konstante voervloei is net so belangrik vir 'n vleisbeesboer, want goeie voeding en vrugbaarheid gaan hand aan hand.

'n Vleisbeesboer moet dus ook vir 'n goeie voerbank vir die winter sorg.

"Om elke jaar te kalf en 'n kort tussenkalfperiode te hê, moet 'n koei genoeg kos kry. Ons praat baie oor vrugbaarheid en die oorerflikheid daarvan, maar as 'n koei nie deur die jaar genoeg kos kry nie, kan sy nie haar genetiese potensiaal bereik nie," verduidelik Hennie.

PLAASINLIGTING



LIGGING: Parys, Vrystaat

NAAM: Vlensburg

EIENAARSKAP: Familietrust

VERTAKKINGS: Beeste en saaiery

GRONDTIPE: Klei-leem

VELDTIPE: Gemengde soet-suurveld

GEMIDDELDE REËNVAL: 600 mm per jaar

KORTOM

- Hoë vrugbaarheid is onontbeerlik in 'n beeskudde, want dit help bepaal die kilogram vleis wat per hektaar geproduseer word en dus die boerdery se winsgewendheid.
- 'n Voervloeiprogram word gehandhaaf om te verseker dat teeldiere hul genetiese potensiaal ten opsigte van vrugbaarheid en groei bereik.
- Die bulle word elke jaar voor dektyd vir geslagsiektes, semengehalte en vrugbaarheid getoets.

OESRESTE

Hy verbou geel mielies om kuilvoer te maak en graan vir sy beeste te lewer. Die oesreste is deel van die voervloeibeplanning. Jaarliks maak hy kuilvoer van sowat 'n derde van die mielies. Die res word gestroop en op-

Vlensburg Tarka se Simbra-kalwers met 'n paar Simbra-koeie op die agtergrond. FOTO'S: VERSKAF

BO: 'n Strook smutsvingergras waar dit in die veld geplant is (die perserige strook). Al die grasse het saad geskiet ná 'n volle seisoen se rus. Agter is nog 'n strook smutsvingergras. Só probeer Hennie om die grond wat aan hom toevertrou is, in 'n produktiewer toestand agter te laat.

REGS: Mnr. Hennie en mev. Johlene Viljoen met hul hondjie, Julianna, 'n swart Spanjoel.
FOTO: CHARL VAN ROOYEN

geberg om jong bulle en surpluskalwers vir die mark af te rond. Minstens ses maande se kuilvoer en mielies word jaarliks na die volgende produksiejaar oorgedra.

Hy het smutsvingergras op die meeste van sy lande met 'n laer potensiaal gevestig. Smutsvinger aard baie goed in daardie deel van die Noord-Vrystaat en vul die veldweiding as staande hooi aan wanneer die koeie vanaf begin September kalf.

Minstens die helfte van die smutsvinger word jaarliks om die beurt in Januarie gebaal vir die moeilike maande ná die winter totdat daar weer voldoende veldweiding is. Die ander helfte word bewei. Die volgende jaar ruil die twee helftes om.

Hennie het ook smutsvingergrassaad in baie van die kampe tussen die bestaande grasse ingesaai. In die kampe met kaal kolle en onsmaaklike grasse maak hy elke ses meter 'n strook van ses meter breed met 'n skottelwerktuig los en plant die saad in die los grond agter die trekker se voorwiel in rye van ongeveer 800 mm. Die sade word dan deur die agterwiel vasgetrap. Hy behou dus 50% van sy natuurlike grasse in sy gemengde soet-suur-veld wat uit veral rooigras, vingergrasse en *Eragrostis*-soorte (oulandsgras) bestaan.

Wanneer smutsvingergrasbale in die winter vir ekstra voer uitgeplaas word, kom van die sade op. Dié smutsvingergras skiet later saad en die gras versprei mettertyd oor die hele kamp.

'n Konserwatiewe veebelading word al jare lank op die natuurlike veld gevolg. Elke jaar word minstens 'n derde van die veld vir 'n volle jaar (begin September tot einde Augustus) gespaar om uit te groei, saad te skiet en wortelreserwes op te bou.

BYNA HALFEEU AL BEESBOER

Hennie het die prys as Suider-Afrikaanse Stoetteler van die Jaar vir sy Simbra-kudde gekry, hoewel die Simmentalers en Simbras dieselfde behandeling ontvang. Die eerbewys gaan grootliks oor volgehoue vrugbaarheid en dus reproduksie jaar ná jaar. Daarmee saam word na die kudde se BLUP-teelwaardes gekyk, en veral of daar 'n voortdurende verbetering in die ekonomies belangrike eienskappe, soos maklik kalf, groei tot speen, ander groeiteelwaardes en melkproduksie, is.

Hennie boer reeds sedert 1968 met Simmentalers en is dus al stewig op pad na 'n halfeeu met dié beeste. In 2012 het hy Simbras begin teel toe hy dié ras met kunsmatige inseminasie (KI) van uitstekende rooi Brahman-bulle uit sy Simmentaler-koeie begin teel het. Die rede waarom net rooi Brahman-bulle gebruik is, is vir beter haargehalte en die rooi kleur.

KALFPERSENTASIE VAN 92

Hy paar sy verse op 15-16 maande om op ongeveer twee jaar te kalf. Ruim 70% van die verse kalf binne drie weke danksy sinchronisasie deur die gebruik van hormone om hulle min of meer gelyktydig op hitte te laat kom.

Hy het een hoofkalftyd en 'n korter winterdektyd vir verse en eerstekalfkoeie wat ▸

LBW VRA . . .

MNR. HENNIE VILJOEN

WAT IS DIE BESTE BOERDERYBESLUIT WAT JY AL GENEEM HET?
Om ons kudde voortdurend te verbeter en daarmee saam die weidings só te bestuur dat ons beeste se genetiese potensiaal ontsluit word.

WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY OOIT GEKRY HET?
Sorg vir jou beeste en hulle sal vir jou sorg.

WAT IS DIE GROOTSTE FOUT WAT JY IN JOU BOERDERY GEMAAK HET?
Om eers self met ál die take en bedrywighede op die plaas te help en oor alles toesig te hou. Met 'n gemengde boerdery was delegering 'n begrip wat ek moes aanleer en toepas.

WIE WAS JOU MENTOR?
My oorlede pa, Gertjie. Hy het my nie net van boerdery geleer nie, maar ook baie van die lewe. Hy het my geleer om vrede te maak met die wisselvalligheid van die natuur. Beplan en boer daarvolgens en ding net met jouself mee. Sy lewenswaardes, omgee vir ander en geloof in ons Hemelse Vader is 'n voorbeeld.

WAT IS JOU GROOTSTE KWELLING?
Om ten spyte van die siklusse in veeboerdery nog ons kudde te verbeter en 'n wins te maak.

EN DIE GROOTSTE GELEENTHEDE?
Om saam met 'n dinamiese telersgenootskap geneties en genomies deel van die toekoms te bly.

WATTER TEGNOLOGIE IS ONMISBAAR IN JOU BOERDERY?
Rekenaarprogramme om versamelde inligting tot bestuursverslae te verwerk wat kuddebestuur vergemaklik. Ek gebruik AgriBees van Softwarefarm sedert 1989. Die program word gereeld bygewerk sodat ons nou ons kuddesyfers elektronies deur die telersgenootskap op die Breedplanstelsel kan laai. Ons gebruik ook hul finansiële program, Simfini.

WAT BETEKEN DIE PRYS AS STOETTELER VAN DIE JAAR VIR JOU?
As stoetteler probeer 'n mens om soveel dinge so goed moontlik te doen, en om dan erkenning daarvoor te kry, is 'n bonus.

net nog een kans kry as hulle nog nie dragtig is nie.

"Dit is moeilik om 'n eerstekalfkoei weer binne die volgende dektyd dragtig te kry, want sy moet in daardie stadium vir haarself én vir die kalf sorg en steeds in 'n goeie kondisie bly om weer dragtig te raak. Boonop is sy nog self besig om te groei en moet sy verkieslik nie meer as een kondisiepunt vanaf kalf- tot dektyd verloor nie. Daarom kry hulle die beste beskikbare weiding op die plaas," sê Hennie.

Van kalf tot speen kry die jong koeie met kalwers drie keer per week 'n energie-aanvulling (Molatek se Meester 20), gevoer teen 'n inname van 1 kg per koei per dag. Deur dit drie keer per week te gee, verminder dit mededinging by die lekbakke sodat ál die koeie kans kry om te vreet.

Die koeie gaan in Mei, nadat die kalwers gespeen is, na die afgestroopte mielielande om die oesreste te benut. Wanneer die oesreste op is, gaan hulle na die smutsvingerlande met staande hooi waar hulle ook later bale smutsvingerhooi kry as dit nodig is. Daar bly hulle tot dit gereën het en die veld gewoonlik begin November groen is. Regdeur die hoofdektyd, wat in Desember begin, tot speentyd bly hulle op die veld met net 'n sout-en-fosfaatlek.

Verse en eerstekalfkoeie wat nie die eerste keer dragtig raak nie, kry nog een kans, maar daarna is dit neusie verby en word hulle geslag. "Vrugbaarheid is baie belangrik. Dit is waaroor suksesvolle beesboerdery gaan," verduidelik Hennie sy streng beleid.

Hy beklemtoon die belangrikheid van hoë vrugbaarheid. Sy Simbra-kudde se gemiddelde tussenkalfperiode (TKP) is 397 dae, wat op 'n kalfpersentasie van 92 neerkom.

'n Goeie voorbeeld van vrugbare koeie in sy kudde is 'n koei wat 14 jaar oud is en reeds 12 kalwers grootgemaak het. Haar TKP is 361 dae. "Dit is waarna ek mik: hoogs vrugbare koeie wat elke jaar 'n kalf grootmaak."

SELEKSIE NÁ SPEEN

Hennie speen die somerkalwers begin Mei. Die verse weeg dan 240 kg tot 260 kg en word uitgegroei om in Desember 350 kg tot 360 kg te weeg. Hulle word mieliekuilvoer, 'n bietjie mielies en hoëproteïenkonsentraat (HPK) gevoer om hierdie teikengewig te bereik. Dié gewig is 60% van die volwasse koeie se gewig en die norm vir gewig met eerste dektyd.

Verse wat in Desember nie soveel weeg nie, te fyn van been en sonder bevredigende bespiering en kapasiteit is, asook dié met ooglopende, strukturele foute, word geslag.

Die dektyd vir ál die vroulike diere is van Desember tot middel Februarie, maar die verse word twee weke vóór die koeie gesinchroniseer, ge-KI en dan by opvolgbulle gesit. Hul dektyd is ook twee weke korter as dié van die koeikuddes. Koeie wat later in hul lewe oorslaan, word uitgeskot en kry nie 'n tweede kans nie.

LINKS: Vlensburg Tarka (VLB09108B) is 'n welbekende bul wat Hennie self geteel het. Die bul het in 2009 die Prosim-bultoets vir Simbras gewen. Tarka het 'n uitsonderlike bouvorm en teelwaardes. Hy is tans 'n rasleier met Breedplan-teelwaardes vir geboorte- en speengewig.

ONDER: Die koei VLB06106B het op twee jaar oud die eerste keer gekalf. Sy het verlede September haar agtste kalf gehad en het 'n tussenkalfperiode van 365 dae.

BULLE WORD GETOETS

Die bulle word elke jaar voor dektyd vir geslagsiektes, semengehalte en vrugbaarheid getoets. Geen boer kan dit bekostig om 'n bul vir paring te gebruik wat nie vrugbaar is nie of wat swak semen produseer, veral omdat Hennie by sommige kuddes enkelbulparing doen waarvolgens hy net een bul by 'n trop koeie laat loop. Om bestuur te vergemaklik, word die laaste paar jaar ook meerbulparings gedoen, waarna die kalwers se vaderskap met DNS-toetse bepaal word.

Hennie teel grootliks sy eie bulle, maar sinchroniseer en KI die verse om nuwe teelmateriaal in te bring. "Sinchronisasie by verse is baie meer suksesvol as by koeie, wat nie so geredelik op die hormoonbehandelings reageer nie."

Die seleksie vir bulletjies is baie streng ten opsigte van strukturele korrektheid, groei en rasstandaarde. Op 'n jaar oud selekteer hy die beste derde jong bulle op grond van hul Breedplan-teelwaardes vir maklike geboorte, groei tot speen, jaaroudgewig en melkproduksie. Die genootskap keur die bulletjies op 18 maande en keur dié af wat nie aan rasstandaarde voldoen nie.

Uiteindelik word slegs die beste bulle op grond van teelwaardes en keuring gebruik om Hennie se ouer bulle te vervang. Hy hou ook bulle uit wat hy grootmaak om verkoop te word. Die getal word op die vraag na bulle in die bedryf vir die betrokke jaar gegrond.

Die jong bulletjies kry ná speentyd in Mei tot einde Oktober mieliekuilvoer, waarna hulle veld toe gaan tot die volgende herfs.

Wanneer die jong bulle 20 maande oud is, kry hulle van Mei tot Augustus 'n volledige rantsoen met mieliekuilvoer as basis om uit te groei vir Hennie se jaarlikse produksieveiling einde Augustus. Die ideaal is om bulle só te voer dat hulle mooi vertoon en reserwes vir die komende dektyd het.

Hennie is 'n lid van die Simmentaler-Simbra-raad. Hy gee dus nie slegs leiding as stoetteler nie, maar ook as leier sodat sy medeboere ook uit sy talente kan voordeel trek. **LBW**

NAVRAE: Mnr. Hennie Viljoen, sel **082 655 4262**.